

Vrydag 19 November

Skrifgedeelte: Jesaja 46:1-13

Fokusgedeelte: Jesaja 46:3-5

Vertrou op die HERE – Hý dra én verdra ons van A tot Z!

Hok jou omstandighede, siekte, gestremde liggaam, ouderdom, tienerwees, jou sondestryd jou in? In die ballingskapstyd was Israel ook ingehok. Hulle het álles verloor: huise, vee, graanoes, waardigheid. Die volk was moedeloos, onseker, kwesbaar! Hulle besef: Ons hét op mense en afgode vertrou en afvallig van God geraak. Maar hóé lank nog voor die uitkoms?!

Die HERE vermaan: *Met watter afgod wil julle My vergelyk?* Die Babiloniërs het twee hoofgode gehad. *Bel* – die koningsbeskermersafgod (vgl. koning *Belsasar* se naam). En *Nebo* – die grondgebiedbeskermersafgod (vgl. *Nebukadnesar* se naam). Die HERE vra: *Wie dra julle van A tot Z deur die lewe? Op wie vertrou julle? Op Bel en Nebo?*

En jý? Vertrou jý op jou geld, liggaamskrag, verstand, status, pilletjie, drank, kos? As jy van punt A na Z wil beweeg en jy wil daardie afgod saam met jou neem ... dan moet jý hom optel en dra. Maar as iemand die afgod roep, antwoord hy nie. Hý verlos nie uit benoudheid nie! Of hink en pink jy ook op 'n bietjie afgod en 'n bietjie God?

Dink weer! Vers 9, 10: *Ek is God, en niemand meer nie; alreeds in die voortyd het Ek gesê wat gaan gebeur, en al wat My behaag, sál Ek doen.* Verse 3, 4 sluit hierby aan: *Ek het julle gedra van die moederskoot af, opgetel van die geboorte af tot die ouderdom toe! Ek sal julle dra. “Ék het dit gedoen, en Ék sal julle opneem, en Ék sal dra en red!”* Dus: dis die HERE wat dra en red van A tot Z in jou lewe!

Die HERE sluit af (vs 13): *“Ek bring my geregtigheid naby ... en Ek gee heil in Sion, aan Israel my heerlikheid.”* Dít is die belofte van die komende Saligmaker. Die HERE *dra én verdra* van A tot Z! Ál ons sorges, afvallighede, ongehoorsaamhede, sonde ... het God ter wille van sy Seun se versoeningsdood *gedra én verdra*. Só het Hy sy geregtigheid vir ons gebring.

Wie *dra én verdra* jóú van A tot Z in die lewe? “Dis *Christus* wat die skuld wou dra, die dood vir ons gesterf het, ja ...!”

Sing: Skrifberyming 5-1:2 (Sb. 10)

Ds. AH Stavast (Arie) (Kroonstad/Pretoria)